10 Maart 2019

Gr R tot Gr 3

nous
praktiese wysheid...

Onthou om te **onthou**!

Lukas 4:1-13

voorbereiding

Neem saam:

- Enige vorm van geheuespeletjie
- Afskrifte van die geheue speletjie aan die einde van die les
- Inkleurkryte om die prent mee te versier.
- Skêre
- Koeverte of sakkies om blokkies in huis toe te neem

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid **tyd**

gesels **tyd**

Geheue speletjie:
Maak gebruik van enige vorm van geheue speletjie, of op 'n tablet of in die vorm van kaarte, of maak u eie speletjie deur twee-twee prente wat by mekaar pas, of dieselfde is, by die speletjie in te sluit. Gebruik 10 of meer *prente (met ander woorde 5+ pasmaats) Plak die prente onderstebo teen 'n bord vas of pak dit uit op 'n tafel. Gee dan die kinders een vir een kans om twee prente om te draai. As hulle pas, mag hulle so reg bly lê. Maar as hulle nie gepas het nie, moet dit weer omgedraai word, en die volgende kind kry geleentheid om twee prente om te draai. Soos die prentjies omgedraai word, moet die kinders probeer onthou waar die prente lê wat by mekaar pas. Hou aan tot al die pasmaats gekry is.*

Soms is mens gelukkig en draai jy sommer met die eerste keer twee prente om wat by mekaar pas. Maar ander kere draai jy eers 'n paar keer prente om en al probeer jy onthou waar die prentjie was wat pas, vat mens partymaal steeds die verkeerde prent. Maar hoe meer mens sulke geheue speletjies speel, hoe beter leer jy om te onthou waar jy die prente gesien het wat by mekaar gepas het.

Jou geheue is die deeltjie in jou brein wat jou help om te onthou. Ons moet ons brein gedurig oefen om die regte dinge te onthou. Soos mens groter word, kry mens al meer huiswerk en groot kinders skryf eksamen en dan moet hulle sommer baie feite onthou. Al manier om al die feite te onthou, is om oor en oor jou werkies te leer en seker te maak dat jy al die feite ken. Wanneer hulle dan in die eksamen moeilike vrae kry, dan moet hulle net weer terugdink aan wat hulle geleer het, waar hulle dit in hulle geheue gebêre het, en dan sal die antwoorde maklik kry.

gesels **tyd** (vervolg)

Om iets te onthou vra dus dat jy dit moet inoefen. Maar wanneer mens iest baie goed inoefen, dan kom dit sommer later vanself reg. Soos 'n baba wat leer om te loop, eers moet die mamma tree vir tree vir hom sê om sy voete een voor die ander te sit. Later kry hy dit self reg, en later hardloop hy sommer vanself, sonder om daaroor te dink om een tree voor 'n ander te sit.

Wanneer ons leer lees, leer ons eers die letters van die alfabet ken, later herken jy die letters, sonder om die hele alfabet elke keer op te sê. So oefen ons ons geheue.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Lees jou Bybel
Lees jou Bybel, bid elke dag
Bid elke dag, bid elke dag
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei
Jy sal groei, groei, groei
Jy sal groei, groei, groei
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei.

Liedboek: Lied 540 Onthou jul nog
Onthou jul nog wie't lank terug
Die aarde goed gemaak
Ons God en Vader wat nooit slaap
Wat altyd oor ons waak
Vir mossies sorg Hy dag na dag
Vir lelies in die vlei
Vir ons het Hy sy Seun gestuur-
Hoe lief het Hy vir my!

BYBEL tyd

Ons leer in die Bybel dat Jesus God se Seun was. Hy het aarde toe gekom om mense te leer hoe God wil hê ons moet lewe.

Baie mense het die Bybel geken, of die woorde wat daarin geskryf staan, maar hulle het nognie die Bybel in hulle hart gehad nie. Hulle het die Bybel nie verstaan nie, en vir baie was die Bybel net 'n spul woorde wat hulle soms verkeerd aangehaal het.

Voor Jesus met sy werk hier op aarde begin het, het Hy Hom eers afgesonder voor God. Hy het alleen gaan bid en tyd saam met God spandeer om seker te maak dat Hy presies alles sal doen en sê soos God Homself aan die mense wou openbaar dat hulle Hom leer ken. God wou nie dat die mense so elke letter van die Bybel ken, maar nooit vir God ken waarvan die Bybel gepraat het nie.

Terwyl Jesus homself afgesonder het om tot God te bid, het die duiwel vir Jesus kom versoek. Die duiwel het ook die Bybel geken, maar hy het dit probeer maak dat dit vir hom pas en nie soos God bedoel het dit moet wees nie. Die duiwel het ook geweet dat Jesus niks sou eet terwyl Hy Hom voor God afsonder nie. Toe begin die duiwel net stukkies uit die Bybel aanhaal om vir Jesus te versoek. Hy wou dat Jesus in die moeilikheid kom by God. Maar omdat Jesus so lief is vir God en net wil doen wat God se hart bly sal maak, het Jesus die hele Bybel geken, maar Hy het ook vir God geken waarvan die Bybel ons leer. Daarom kon Jesus met elke halwe stukkie waarheid wat die duiwel vir Jesus voorgesê het, vir die duiwel antwoord, ook uit die Bybel, met die hele waarheid. Jesus se geheue, het alles onthou wat God Hom geleer het en wat Hy van God geleer het.

Kom ons lees daarvan.
Lees vir die kinders voor uit Luk.4:1-13. Indien jy 'n kinderbybel het wat die verhaal eenvoudig stel, kan jy dit gerus ook uit die kinderbybel voorlees.

Ons moet ook ons Bybel lees, dit leer en diep in ons harte bêre. Maar ons leer nie die Bybel net ken soos klomp feite of reels wat ons moet onthou nie. Ons moet die Bybel leer ken, soos God bedoel het ons dit moet ken. Ons moet verstaan dat God ons baie lief het, en dat Hy van ons vra om ook vir alle mense en vir God lief te wees.

As jy nog sukkel om self te lees, vra vir mamma of pappa om vir jou te lees. En as jy al self kan lees, lees gerus die Bybel, elke dag 'n stukkie en as jy iets in die Bybel nie verstaan nie, vra vir iemand wat die Bybel ken om dit vir jou te verduidelik. Onthou dan wat jy daarin leer. En wanneer daar versoekings oor jou pad kom, dan onthou jy hoe die Bybel jou leer om op te tree.

doen & leer tyd

Maak afdrukke van die geheue speletjie vir elke kind. Laat die kinders die prente inkleur en die blokke los van mekaar knip en dan hul eie geheue speletjie speel. Op die manier leer die kinders ook die vrug van die gees ken, en weet hulle hoe God wil hê ons moet lewe teenoor ander mense. Lees ook vir hulle die vers uit Gal.5:22 As die blokkies in die klas los geknip word, voorsien sakkies of koeverte waarin die kinders die blokkies kan huistoe neem dat dit nie verloor nie.

Moedig die kinders aan om ook die geheue speletjie saam met mamma en pappa te gaan speel ek kyk met 'n volgende les, hoeveel van hulle kan reeds die vrugte van die Gees opnoem.

Moedig kinders ook aan om teksverse in die Bybel te memoriseer.

groet tyd

Dankie Jesus dat U my ook slim gemaak het, sodat ek dinge kan onthou. Help my om ook die Bybel getrou te lees en te onthou hoe U wil hê dat ek moet lewe.

Amen

Kleur die vrugte van die Gees in. Gal.5:22
Knip dan los en speel jou eie geheue speletjie

Liefde	Liefde	vreugde
vreugde	vrede	vrede
geduld	geduld	Vriende-lik
Vriende-lik	goedhartig	goedhartig
Getrou	Getrou	Nederig
Nederig	Selfbeheersing	Selfbeheersing